Verwysing: 20190301-2325
Lêerno.: 12/2/11/9
Navrae: N Nyamza

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0005/2019

Aan: Adjunk-Direkteurs-Generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir Grondslagfase, Prinsipale en Departementshoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Leesintervensie vir Afrikatale

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het kennis geneem van die wydverspreide bevindings en aanbevelings van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study* (*PIRLS*) se verslag en ander navorsingsbevindings wat lae lees- en geletterdheidsuitkomste in die vroeë grade opgeteken het.

2. Die DBO het besluit om opleiding in lees vir die Afrikatale aan alle provinsies vanaf April 2019 te verskaf. Die doel van hierdie werksessie is om onderwysers opleiding te gee in die taalstrukture en ortografie van Afrikatale en die metodologieë wat tydens Lees aangewend kan word.

3. Alle provinsies is vanaf 2019 verplig om die leeswerksessies vir Afrikatale aan alle Xhosasprekende skole bekend te stel.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal in 2019 konsentreer op die opleiding van graad 1-onderwysers wat Xhosa as die Taal van Leer en Onderrig (TLO) gebruik. Daarna sal graad 2- en 3-onderwysers toenemend in onderskeidelik 2020 en 2021 opgelei word.

5. Die Direktoraat Algemene Onderwys-en-opleiding (AOO) het kragte saam met die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) gesnoer om hierdie onderwysers by die KOLI op te lei.

6. Ongeveer 601 graad 1-onderwysers van 166 Xhosasprekende skole sal opgelei word.

7. Die doel van hierdie minuut is om skole in kennis te stel dat hulle graad 1-onderwysers by die Afrikatale se leesprogram ingesluit sal wees.

8. Die opleiding sal vanaf April tot Augustus 2019 plaasvind.

9. Die opleiding sal vyf dae duur. Daar sal van alle graad 1-onderwysers wat Xhosa as TLO gebruik verwag word om die opleiding gedurende geselekteerde weke by te woon.

10. Die KOLI sal betaal vir 'n aflosopvoeder vir hierdie opleidingsweek.

11. Distrikte sal die datums en lokale van hierdie opleiding vooraf bekend maak.

12. Die KOLI sal uitnodigings stuur aan skole om hulle in te lig oor die graad 1-onderwysers wat die opleiding in die onderskeie weke moet bywoon.

13. U ondersteuning vir hierdie belangrike werksessie word hoog waardeer.

14. Tree asseblief in verbinding met die betrokke Grondslagfasekoördineerder in u distrik vir enige verdere inligting:

Distrik	Koördineerder	Telno.	E-pos	Faksno.
Metro-Noord	Jenny Daniels	021 938 3044	Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za	086 666 0875
Metro-Sentraal	Juanita van der Merwe	021 514 6773	Juanita.Vandermerwe@westerncape.gov.za	086 402 3087
Metro-Suid	Vanessa Williams	021 370 2025 083 309 1383	Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za	086 699 5479
Metro-Oos	Marie Engelbrecht	021 900 7191	Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za	086 556 9519
Weskus	Michelle Delport	021 860 1590 060 508 8305	Michelle.Delport@westerncape.gov.za	086 275 1685
Kaapse Wynland	Diana Niemand	023 348 4606	Diana.Niemand@westerncape.gov.za	086 531 0476
Overberg	Lynn le Grange	028 214 7378	Lynn.Legrange@westerncape.gov.za	028 214 7400
Eden en Sentrale Karoo	Nelmarie Kriel	044 803 8300	Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za	086 678 7171

15. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle graad 1-onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-03-08